*Downloaded from Stanmorephysics.com*

**TASK 8** **Due Date 27 August 2021**

Lees eers die toespraak wat Lerato Tshielo op haar maat se sestiende verjaarsdag gelewer het., en doen die volgende aktiwiteit skriftelik :

**HULDEBLYK**

Jou Ouboet/Ousus speel ‘n belangrike rol in jou gesin. Hy /Sy word 21 jaar oud en julle gaan ‘n partytjie hou. Omdat jy so ‘n spesiale band met jou Ouboet/Ousus het, het jou ouers jou gevra om ‘n huldeblyk by die partytjie te lewer.

Skryf die HULDEBLYK wat jy by jou Ousus/Ouboet se partytjie gaan lewer.

Goeienaand Dames en Here. Dit is inderdaad ‘n groot plesier en ‘n eer om hier voor jou te staan en ‘n paar woorde te deel oor my maat, Kimera Naidoo wat vandag haar soet sestiende verjaarsdag vier.

Ek ken Kimera die afgelope tien jaar. Ek en sy is maats van kleins af. Sy is iemand op wie ek kan staatmaak.. Kimera het my altyd deur dik en dun bygestaan. Sy is ‘n dierbare persoon wat ‘n positiewe invloed op my het. Ons deel ons diepste geheime met mekaar en geniet mekaar se geselskap. In al die jare wat ek haar ken, het ek haar sien grootword in ‘n sterk, verantwoordelike persoon. Sy is my rolmodel.

Op skool was sy altyd in die top drie in haar klas. Sy het van graad 1 af altyd meer as 80% in al haar toetse en eksamens behaal. As klasmonitor is sy baie populêr onder al die onderwysers en leerders.

Vandag is ‘n spesiale dag in jou lewe, Kimera. Ek wil net sê: “Gelukkige verjaarsdag. Mag die Here jou seën en nog jare lank spaar.” Geniet die dag en dankie dat ons almal hier deel van jou spesiale dag kan wees.

Downloaded from Stanmorephysics.com



## VRAAG 1

**D.J. Opperman**

| | **Edms.Bpk.** **D.J. Opperman** |
|---|---|
| 1 | Ek het ’n stukkie grond gekoop |
| 2 | met melkhout op; dit afgekamp |
| 3 | en teen die hek ’n naam geverf |
| 4 | sodat verbygangers besef: |
| 5 | Dis Dirk se erf. |
| | |
| 6 | Janfiskaal sit op my melkhoutboom, |
| 7 | sit op ’n kruin, sit op ’n rots, |
| 8 | en proklameer in sy lied |
| 9 | soggens en saans luidkeels: |
| 10 | “Dis my gebied.” |
| | |
| 11 | Bakkapel glip uit my melkhoutbos, |
| 12 | verby die kruin, verby die rots, |
| 13 | en teken op sandkolle waar hy kom |
| 14 | oral in ouderwetse skrif: |
| 15 | “Alles .....alles my eiendom.” |

Konteksteule vrae

1 Wie se wettige eiendom is die erf?
2 Noem drie maniere waarop die spreker sy eienaarskap van die erf bevestig.
3 Verduidelik die beeldspraak wat die voël en die slang personifiseer.
4 Verduidelik die betekeniswaarde van “Bpk.“ binne die konteks van die gedig.
5 Hoe is die tema van die gedig ook op jou lewe van toepassing?

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Voltooi die onderstaande sin deur die korrekte antwoord te kies. | |
| | Die titel spreek die mens se begeerte uit om **(hul eiendom met almal te deel/ hul eie besitting te wil hê).** | (1) |
| 1.2 | Wat het die spreker gedoen om te verseker dat niemand op sy stukkie grond kon kom nie? | (1) |
| 1.3 | Op watter manier het hy mense laat weet dat hy die eienaar van die grond is? | (1) |
| 1.4 | Wat is die funksie van die dubbelpunt aan die einde van **versreël 4**? | (1) |
| 1.5 | Kies die korrekte antwoord tussen hakies. | |
| | **D**is **D**irk se erf. | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | Die onderstreepte letters is ’n voorbeeld van (**alliterasie/assonansie**) | (1) |
| 1.6 | Haal **EEN** woord aan wat aandui dat Janfiskaal nie veel moeite moes doen om sy besitlikheid aan te dui nie. | (1) |
| 1.7 | Haal **TWEE** woorde uit strofe 2 aan wat op kontras(**teenstellin**g) dui? | (1) |
| 1.8 | Watter woord dui aan dat een van die karakters in die gedig iets hardop gesê het? | (1) |
| 1.9 | Daar is tekens van progressie in die gedig. Haal **DRIE APARTE** woorde aan om dit te bewys. | (3) |
| 1.10.1 | Watter tipe versvorm kry ons in hierdie gedig? | (1) |
| 1.10.1 | Noem **TWEE** redes vir jou antwoord in 1.10.1. | (2) |
| 1.12 | Watter tipe spreker kry ons in strofe **3**? | (1) |
| 1.13 | Haal **EEN VOORNAAMWOORD** woord uit die gedig aan wat op besitlikheid dui? | (1) |
| 1.14 | Wat is ’n Bakkapel? | (1) |
| 1.15 | Wie of wat besit eintlik die meeste grond in hierdie gedig? | (1) |
| 1.16 | Waarna, volgens jou, verwys die “Alles” in die laaste reël? | (1) |
| 1.17 | Wat is die tema van hierdie gedig? | (1) |
| | **[20]** | |

Edms. Bpk.

Memorandum

1 EneDirk (waarskynlik outobiografies, want die digter se noemnaam was ook Dirk)

2 Hy het dit omhein, sy naam op die hek geverf en dit per kontrak laat registreer as sy eiendom.

3 Die bakkapel “skryf” omdat sy sleepsels soos ouderwetse skrif lyk. Die janfiskaal se roepgeluid “dzzzt-dzzzt-dzzzt” klink baie soos “dit is my gebied” ; dus proklameer hy só die erf. Só kry die voël en die slang menslike eienskappe wat hulle personifiseer.

4 Dirk se eienaarskap en aanspreeklikheid is inderdaad beperk, want daar is ook ander aanspraakmakers

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | **hul eie besitting te wil hê** | (1) |
| 1.2 | Hy het dit afgekamp/omhein | (1) |
| 1.3 | Hy het sy naam teen die hek geverf | (1) |
| 1.4 | Die verduideliking volg naamlik dat dit Dirk se erf is. | (1) |
| 1.5 | **alliterasie** | (1) |
| 1.6 | “sit” | (1) |
| 1.7 | “soggens” en “saans” | (1) |
| 1.8 | luidkeels | (1) |
| 1.9 | “melkhout” “melkhoutboom” en “melkhoutbos” | (3) |
| 1.10.1 | Vrye vers | (1) |
| 1.10.1 | Dit het geen vaste rympatroon nie./Bevat gebroke rym.<br>Dit is langer as 14 reëls.<br>Daar is geen oktaaf en sestet nie (ENIGE TWEE) | (2) |
| 1.12 | derdepersoonspreker | (1) |
| 1.13 | “my” | (1) |
| 1.14 | ’n Slang | (1) |
| 1.15 | Die slang | (1) |
| 1.16 | Die wye wêreld/die man se grond./die aarde | (1) |
| 1.17 | Niks op hierdie aarde kan ons ons eie noem nie, want ons deel dit en die wye wêreld met ander. | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Die Sederberge is nie vir sissies nie**
**The Cederberg is not for sissies**

**Willem Fransman**

**Dis bitter koud in die berghut. Gerrie trek die slaapsak tot onder sy ken. Hy het gesê dit kan koud word in die Sederberge. Hy het gedink hy sal die koue kan verduur. Hy is mos al in graad tien. Só het sy pa gesê toe hulle hom saamgenooi het.**
It's bitterly cold in the mountain hut. Gerrie pulls the sleeping bag up to his chin. He said it could be cold in the Cederberg. He thought he could endure the cold. He is already in grade ten. So his father said when they invited him.

**Hy kyk na sy pa en oom Tiekie. Hulle slaapsakke tot by hulle heupe. Elkeen met 'n beker koffie in die hand. Hulle het vir hom ook aangebied, maar hy hou nie van koffie nie. Dit maak hom naar. Hy kan nie bekostig om in die bos siek te word nie. Warm sjokolade, ja, dis wat hy netnou gedrink het om die ergste koue uit sy lyf te kry. Hy sal later weer vir hom maak.**
He looks at his father and uncle Tiekie. Their sleeping bags up to their hips. Each with a cup of coffee in hand. They also offered him, but he doesn't like coffee. It makes him nauseous. He can't afford to get sick in the bush. Hot chocolate, yes, that's what he just drank to get the worst cold out of his body. He will make himself more later.

**Dis hulle laaste aand in die berge. As alles goed verloop, slaap hulle môreaand op Wuppertal.**
It's their last night in the mountains. If all goes well, they will sleep on Wuppertal tomorrow night

**"George, gie gou vi' my my rugsak agter djou rug an. Daa's 'n hoenertjie in!" sê oom Tiekie.**
"George, give me my backpack behind your back quickly. There's a chicken in there!" Says Oom Tiekie.

**Gerrie se pa draai om. "Nou moet jy jou oë toeknyp, Ger-man," sê hy skertsend vir Gerrie. "Ek en oom Tienie gaan nou eers die hoendertjie se nekkie omdraai om ons teen die koue te beskerm!" Hy trek die swaar rugsak met sy regterarm tussen hulle in.**
Gerrie's dad turns around. "Now you have to pinch your eyes, Ger-man," he says jokingly to Gerrie. "Uncle Tienie and I are now going to turn the little chicken's neck around to protect us from the cold!" He pulls the heavy backpack with his right arm in between them.

**"Nee wat, Pa, maak julle maar warm. Ek's heel oukei."**
"No, Dad, make yourself warm. I'm okay."

**Gerrie weet 'n "hoendertjie" is hulle woord vir 'n bottle brandewyn as vroue of kinders in hulle geselskap is.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Gerrie knows a "chicken" is their word for a bottle of brandy if women or children are in their company.

**Oom Tiekie trek die "hoendertjie" tussen sy klere uit en gooi 'n berekende hoeveelheid in elke beker, voeg water by en stoot dan een beker na Gerrie se pa uit.**
Uncle Tiekie pulls out the "chicken" between his clothes and throws a calculated amount in each cup, adds water and then gives one cup to Gerrie's father.

**"Hierso, ou Georgie, lat hy val tot by djou tone!"**
"Here, old Georgie, let it fall to the edge!"

**Gerrie glimlag, maar net toe hulle die bekers teen mekaar stamp en 'n eerste teug neem.**
Gerrie smiles, but only when they hit the cups against each other and takes a first sip.

**Dis oom Tiekie se staptog in die Sederberge. Hy praat heeltyd daarvan wanneer hy en Gerrie teen die hoogtes uitsukkel. Dan lag sy pa net en sê: "Ja, ou Tiekie. Ja-a-a-a, ou Tiekie!"**
It is Oom Tiekie's hike in the Cederberg. He talks about it all the time when he and Gerrie struggles at the heights. Then his father just laughs and says, "Yes, old Tiekie. Yes-s-s old Tiekie."

**Oom Tiekie werk al jare lank vir sy pa. Eintlik het sy pa en oom Tiekie die besigheid van die grond af opgebou. Met die verkiesing van Nelson Mandela as president het sy pa hom 'n volle vennoot gemaak.**
Oom Tiekie has been working for his father for years. Actually, his father and uncle Tiekie built the business off the ground. With the election of Nelson Mandela as president, his father made him a full partner.

**"Ou Gerrie," het hy eenkeer gesê, "ek is 'n *South African of colour*. Ek mien, djy kan mos sien." Hy het met sy plathand oor sy gesig gevryf. "'Die groot Menee' daa' boe het maa' net vir ou Tiekie soe 'n bietjie innie oond gevegiet. *That's why*!"**
"Old Gerrie," he once said, "I'm a South African of color. I mean, you can see." He rubbed his hand over his face. "'The big Master' up there had just forgotten old Tiekie in the oven. That's why!"

**Gerrie wou weet waarom hy juis nou die Sederberge wil uitstap. "Oom kon mos toe Oom jonger was. Ek dink Oom gaan sukkel. My pa vertel altyd van die ouer stappers wat so swaarkry."**
Gerrie wanted to know why he wanted to walk the Cederberg right now. "Uncle could have done it when you were younger. I think Uncle is going to struggle. My dad always tells that the older hikers are suffering a lot."

**"Annderdag, Gerrie. Annerdag vertel ek djou. Maa' dis iets wat ek agterie rug moet kry!"**
"Another day, Gerrie. Another day I will tell you. But it's something I have to do!"

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Gerrie hoor hoe die twee mans soos skoolseuns vir 'n grap lag. Toe vra sy pa: "Ou Tiekie, hoekom dryf jy jouself so om die berge plat te loop? Jy geniet elke ent pad wat agter die rug is, maar ek sien jy kry plek-plek swaar."**
Gerrie hears the two men laughing at a joke like school boys. Then his father asks, "Old Tiekie, why do you drive yourself to flatten the mountains? You enjoy every end of the road that is behind, but I see you struggling in some places."

**"Los dit, Georgie-boy, lossit!" Oom Tiekie se stem is abnormaal hard, byna 'n opdrag.**
"Leave it, Georgie-boy, leave it!" Uncle Tiekie's voice is abnormally loud, almost a command.

**"Ek wil ook graag weet, Oom. Dit lyk of Oom dit nie geniet nie, maar net moet klaarkry sodat Oom kan sê Oom het die Sederberge gestap."**
"I also want to know, Uncle. It doesn't seem as though Uncle enjoya it, but just needs to get it done so Uncle can say Uncle has walked the Cederberg."

**"Gerrie, tog nie jy ook nie."**
"Oh Gerrie, not you too."

**"Asseblief, oom Tiekie, ek weet mos dat daar 'n storie moet wees. Oom het eenkeer gesê Oom sal anderdag vertel. Asseblief?"**
"Please, uncle Tiekie, I know there must be a story. You once said that you will tell us another day. Please?"

**Oom Tiekie lig sy kop en dis asof hy na iets teen die verste muur kyk. "Ek moes gewéét het dat ek nie 'n kans teen die Berg en die Heuweltjie staan nie!" Hy praat altyd van sy pa as die Berg, omdat hulle van Van der Berg is. Gerrie is die Heuweltjie. "Boetie," sal hy sê, "djy moet nog 'n Berg word." Dan gee hy Gerrie 'n speelse knypie op die wang.**
Uncle Tiekie lifts his head and it looks as if he is looking at something at the furthest wall. "I should have known that I will not stand a chance against the Mountain and the Hill!" He always speaks of his father as the Mountain, because their surname is Van der Berg. Gerrie is the Hill. "Boetie," he'll say," you still have to be become a mountain." Then he gives Gerrie a playful pinch on the cheek.

**"Djulle sien, djarre geliede het ek en vier buitelandse *medical students* gebeslyt om innie Sederberge te gan stap. Alles was *geprepare;* rugsakke, *boots, permits* ennie *whole happy lot*. Maa' toe ons by Algeria-bosboustasie kom, toe sê hulle lat ekkie mettie *students* in dieselle hut kan slaapie."**
"You see, years ago, four foreign medical students and I have come to walk the Cederberg. Everything was prepared; backpacks, boots, permits and the whole happy lot. So, when we came to Algeria forestry station, they said I could not sleep with the students in the same cabin."

**"Toe gee hulle vir Oom 'n hut om alleen in te slaap? Oom was tog deel van die stapgeselskap!"**

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

"Then they gave Uncle a hut to sleep alone in? Uncle was part of the company after all!"

**"Assit maa' soe maklik was, ou Gerrie. Nee, daai was 'n anne' tyd in onse land se *history* gewies. Innie *mountains* was daa' nie *alternative* slaapplek nie. Daai tyd kon wit en bryn nie saam geriewe gebryk nie. Ek moes onne' die ope hiemel slaap. Julle sien, ons het mos innie winter gegan, want dit het die *challenge* lekkerder gemaak.**

"If only it was that easy, old Gerrie. No, that was another time in our country's history. In the mountains there were not an alternative place to sleep. That time, white and brown could not use the same facilities. I had to sleep under the open air. You see, we went in winter, because it made the challenge nicer.

**"Die man agte' die *counter*, met soe 'n dik *army*-snor, het gesê lat ons eintlik virre *international permit* moes *geapply* het, dan kon ek oek as 'n *whitey* deurgegat het. Toe hy dit sê, toe pak die *students* onse goed terug innie karre in en toe ry ons maa' trug hys toe."**

"The man behind the counter, with a thick army mustache, said that we had to apply for an international permit, so I could go through as a white. When he said this, the students packed up our stuff back in the cars and then we drove back home."

**Oom tiekie bly 'n paar oomblikke stil. "Twie wieke later het die *students* by ons hys innie *township* gekyer. Toe hulle trugry, was daa' 'n helse *accident* met 'n Casspir same. Al vier op slag dood. By hul *funeral* het ek gebeslyt lat ek eendag die Sederberge vi' hulle sal gat stap … al moet dit ook die laaste ding wies wat ek op aarde sal doen."**

Uncle Tiekie remained silent for a few moments. "Two weeks later, the students visited our home in the township. When they were on their way back, there was a terrible accident involving a Casspir. All four died instantly. At their funeral, I decided that one day I will walk the Cederberg mountains, for them even if it should be the last thing I will do on earth."

**"Ek is so jammer, oom Tiekie."**

"I am so sorry, uncle Tiekie."

**"My ou mater, dis tyd vir slaap," sê sy pa. "Môre klim ons Sneeukop, dan was ons ons gesigte in Crystal se poel, so teen middagete."**

"My old friend, it's time to sleep," says his father. "Tomorrow we will climb Sneeukop, then by lunch we will wash our faces in Crystal's Pool."

**Op Sneeukop lê die sneeu ongeveer 'n meter diep. Soos ontdekkingsreisigers neem hulle foto's met George se afstandbeheer-kamera. Trots staan al drie by die pen met die vlag op die hoogste piek van die Sederberge. Gerrie kyk na oom Tiekie. Sy glimlag is groter as hulle s'n.**

At Sneeukop, the snow lies about a meter deep. Like explorers, they take photos with George's remote-control camera. All three are proud to stand at the pen with the flag on the highest peak of the Cederberg. Gerrie looks at Uncle Tiekie. His smile is bigger than theirs.

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

**By Crystal se poel eet hulle, drink iets warms en val in die pad. Voor die son sak, moet hulle in Wuppertal wees.**
At Crystal's pool they eat, drink something warm and continue their journey. Before sunset they must arrive at Wuppertal.

**In die los sand, tussen 'n plaat fynbos, kry Gerrie se pa die spore van 'n wildsbokkie. Hy wys hulle daarop. 'n Rukkie loop hulle in stilte. Gerrie dink terug aan wat oom Tiekie die vorige aand vir hulle vertel het.**
In the loose sand, between a plate of fynbos, Gerrie's father gets the traces of an antelope. He shows them on it. For a while they walk in silence. Gerrie thinks back to what Uncle Tiekie told them the previous night.

**Skielik gaan staan sy pa en Gerrie loop byna in hom vas.**
Suddenly his father stands still and Gerrie almost bumps into him.

**"En nou, Pa?"**
"And now, Dad?"

**"Luiperdspore, óp die van die wildsbokkie. Dit voorspel moeilikheid!"**
"Leopard tracks, on those of the antelope. It predicts trouble! "

**"Hoe so?"**
"Why?"
**"Kyk, die spore is vars. Die luiperd kan ons sien as kompetisie en aanval. Ons moet baie, baie versigtig wees."**
"Look, the tracks are still frech. The leopard can see us as competition and attack us. We will have to be very careful."

**Gerrie hoop sy pa kom nie agter hoe bang hy is nie.**
Gerrie hopes his father does not realise how scared he is.

**Hulle stap in stilte verder.**
They walk further in silence.

**Ver in die vallei sien hulle Kleinvlei, 'n buitepos van Wuppertal. Oom Tiekie gooi sy rugsak af. Toe dit op die grond neerplof, kyk Gerrie en sy pa om.**
Far in the valley they see Kleinvlei, an outpost of Wuppertal. Uncle Tiekie throws his backpack down. When it hits into the ground, Gerrie and his father looks around.

**"Oppas!" skreeu hulle gelyk.**
"Beware!" they shouted at the same time.

**Te laat.**
Too late.

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

**'n Luiperd trek deur die lug en land 'n halwe meter van oom Tiekie af. Ta hap na hom en ruk sy kuitspier, deur die broekspyp, dat spier en materiaal soos 'n vlaggie in die lug wapper. Vir Gerrie gebeur alles in vertraagde aksie. Sy pa stamp hom onder die fynbos in. Sy bene is lam en sy mond droog.**
A leopard pulls through the air and lands half a meter from Uncle Tiekie. He grabs him and pulls his calf muscle out, through his pants, so that the muscle and material flutter in the air like a flag. For Gerrie, everything happens in delayed action. His dad bumps him under the fynbos. His legs are lame and his mouth dry.

**Toe verdwyn die luiperd net so geruisloos soos hy verskyn het.**
Then the leopard disappears just as silently as it appeared.

**George is vining by oom Tiekie en neem sy linkerbeen in sy hand. Die kuitspier is los van die haksening. Bewerig haal Gerrie die noodhulpsakkie uit sy rugsak.**
George hurries to Uncle Tiekie and takes his left leg in his hand. The calf muscle is detached from the heel. Gerrie takes out the first-aid kit from his backpack.

**"Byt vas, my mater, ons gaan die bloeding stop en jou veilig van die berg afkry!" Gerrie se pa werk behendig met die verbande. "Seun, die donker mag ons nie hier op die berg vang nie."**
"Hang in there, my friend, we're going to stop the bleeding and get you safely off the mountain!" Gerrie's father is working diligently with the bandages. "Son, we can't be caught in the dark here on the mountain."

**"Wat kan ek doen, Pa? Afstap na die huise daar onder? Ek sal van die ooms kry om ons te help."**
"What can I do, Dad? Walk down to the houses down there? I will get someone to come and help us."

**"Dis dapper van jou, seun. Ons het nie 'n ander keuse nie." 'n Oomblik kyk hulle na mekaar. Oom Tiekie kreun.**
"It is brave of you, son. We do not have another choice." For a moment they look at each other. Uncle Tiekie groans.

**"Moet die *trip* klaa' maak, Georgie-boy … Moet net," praat oom Tiekie deurmekaar.**
"Must finish this trip, Georgie-boy … Must," uncle Tiekie says confused.

**"Ja, ou Tiekie. Ja-a-a-a, toemaar, ou Tiekie! Ons sal jou help om jou belofte na te kom," glimlag Gerrie se pa.**
"Yes, old Tiekie. Yes-s-s-s, don't worry old Tiekie! We'll help you fulfill your promise," smiles Gerrie's father.

**"Ek sal versigtig wees, Pa." Gerrie vat sy knipmes en kierie en begin stap.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

"I will be careful, Dad." Gerrie takes his pocketknife and his walking stick and starts walking.

**"Wees heeltyd bewus van jou omgewing, seun!"**
"Be aware of your surrounding the whole time, son!"

**Net voor sonondergang daag Gerrie en 'n paar mans op. Hulle dra oom Tiekie na 'n wagtende bakkie. In Wuppertal versorg die plaaslike verpleegsuster sy wond. Dan ry hulle deur 'n laning bome, verby die afgewitte Morawiese kerk en stop voor die Kloofhuis.**
Just before sunset, Gerrie and some men arrive. They carry Oom Tiekie to a waiting bakkie. In Wuppertal, the local nursing sister cares for his wound. Then they drive through lined trees, past the whitewashed Moravian church and stop in front of the Kloof house.

**Toe oom Tiekie later sy oë oopmaak, sê hy: "Ou Ger-man, djy mien ek herrit rêrag gemaak? Rêrag?"**
When uncle tiekie later opens his eyes, he says: "Old Ger-man, you mean that I really made it? Really?"

**Gerrie knik sy kop.**
Gerrie nods his head.

**"Dankie, ou Ger-man. Djy, djý's die Berg wat my gehelp het met hierie Sederberg."**
"Thanks, old Ger-man. You, you are the Mountain that helped me with this Cederberg."

## Inligting oor die skrywer
## Information about the author

Willem Fransman het op 'n plaas buite Worcester grootgeword. Hy werk as 'n grafiese kunstenaar en rubriekskrywer vir *Die Burger* en *Kaap Rapport*.
Willem Fransman grew up on a farm outside Worcester. He works as a graphic artist and columnist for Die Burger and Kaap Rapport.

Hy is kortverhaalskrywer, digter en storieverteller. Hy was lank voorsitter van die Afrikaanse Skrywersvereniging. Hy het 'n paar opdrag-radiodrams agter die blad: *Die belofte in 'n skilpaddop* (die verhaal van Sarah Baartman in die vreemde) en *Martelaar van Calvinia* (verhaal van die bruin versetleier Abraham Esau gedurende die Anglo Boereoorlog). Van sy dramas is al by kunstefeeste opgevoer: *Om te bedel is 'n kuns* (1999), *Die mense van Langesaan* (2000), *Leipoldt soos nog nooit vantevore* (2004-opdragwerk), *Ma se melk* (2005) en *Paljas van Dirk Ligter* (2006-opdragwerk).
He is a short story writer, poet and storyteller. He has long been chairman of the Afrikaans Writers' Association. He has a number of command radio drama behind him: Die belofte in 'n skilpaddop (the story of Sarah Baartman in the strange) and Martelaar van Calvinia (story of the colored resistance leader Abraham Esau during the Anglo Boer War). Some of his plays have been performed at art festivals: Om te bedel is 'n kuns (1999), Die mense van Langesaan (2000),

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

Leipoldt soos nog nooit vantevore (2004 assignment), Ma se melk (2005) and Paljas van Dirk Ligter (2006 commissioned work).

"Die Sederberge is nie vir sissies nie" verskyn in *Sweef en ander verhale.*
"Die Sederberge is nie vir sissies nie" is published in Sweef en ander verhale.

**Inleiding tot die kortverhaal**
**Introduction to the short story**

"Die Sederberge is nie vir sissies nie" is 'n grootword- (*coming of age*), sowel as avontuurverhaal. Die hoofkarakter, Gerrie word deur oom Tiekie "Heuweltjie" genoem (hulle van is Van der Berg), maar ná die avontuur wat hulle saam beleef, doop oom Tiekie hom "Berg" (nes sy pa.)
"Die Sederberge is nie vir sissies nie" is a coming of age, as well as adventure story. The main character, Gerrie, is called "Hill" by Oom Tiekie (they are Van der Berg), but after the adventure they had together, Uncle Tiekie baptized him "Mountain" (like his father.)

Die verhaal is 'n raamvertelling: 'n Storie binne-in 'n storie. Die binneraam is oom Tiekie en sy buitelandse vriende se Sederberg-ervaring toe hulle studente was. Die buiteraam is heelwat jare later wanneer Gerrie saam met sy pa en oom Tiekie die Sederberge aandurf.
The story is a frame story: a story inside a story. The inner frame is Oom Tiekie and his foreign friends' Cederberg experience when they were students. The outside frame is quite a few years later when Gerrie, with his father and uncle Tiekie, enters the Cederberg.

Dis Gerrie, 'n graadtienseun, se eerste bergklimtog in die Sederberge. Op Gerrie en sy pa se aandrang vertel oom Tiekie waarom hy nog al die jare die obsessie het om Sneeukop te breik. En dan volg die binnevertelling: oor die weiering by die Algeria-bosboustasie dat hy, "*a man of colour*" 'n hut met die blanke studente deel (weens die apartheidswette van destyds). Uit lojaliteit teenoor hom staak die studente hulle staptog. Twee weke later verongeluk hulle nadat hulle by Tiekie-hulle in die *township* gekuier het.
It's Gerrie, a grade 10 student's first hike in the Cederberg. At Gerrie's and his father's insistence, Oom Tiekie tells them why he had been obsessed with climbing up to Sneeukop for many years. And then the inner story follows: about the refusal at the Algerian forestry station that he, "a man or color" shares a hut with the white students (due to the apartheid laws of then). From loyalty to him, the students stop their hike. Two weeks later they died in a car crash after visiting Tiekie in the township.

Met die voortsit van die buitevertelling word oom Tiekie (en sy selfopglegde taak) byna in sy spore gestuit deur 'n luiperd wat hulle aanval.
Continuing on the outside story, Oom Tiekie (and his self-imposed task) is almost stopped in his tracks by a leopard who attacks them.

Maar dan wys Gerrie sy staal en word hy 'n man in oom Tiekie se oë.
But then Gerrie shows his steel and becomes a man in Oom Tiekie's eyes.

Downloaded from Stanmorephysics.com

## Literêre aspekte
## Literary aspects

Tydens die buiteraamvertelling tree 'n beperkte derdepersoonsverteller op (vanuit Gerrie se perspektief) en tydens die binneraamvertelling 'n ek- of eerstepersoonsverteller. Oom Tiekie het 'n ironiese blik op die gebeure van die verlede. Vergelyk byvoorbeeld sy opmerking dat die winter "die *challenge* net soevil lekkerder gemaak het."
During the external frame story, a limited third-person narrator acts (from Gerrie's perspective) and during the inner frame narration an I or first person narrator. Oom Tiekie has an ironic look at the events of the past. For example, compare his remark that winter "just made the challenge even better."

Die ruimte is die onherbergsame Sederberge wat vele uitdagings aan die stappers bied. Daar skuil ook gevaar, byvoorbeeld die luiperds wat van tyd tot tyd gewaar word. Die tyd is belangrik: die binnevertelling in die postapartheidsera. Die vertelde tyd in die buitevertelling is vanaf die aand tot die volgende middag – ongeveer 21 uur. Die vertelde tyd in die binnevertelling is 'n bietjie langer as twee weke.
The space is the inhospitable Cederberg that offers many challenges to hikers. There is also danger, for example the leopards that are seen from time to time. The time is important: the inside story in the post-apartheid era. The narrated time in the outdoor story is from the evening to the next afternoon - about 21 hours. The told time in the onset is a little longer than two weeks.

Die buitevertelling se protagonis, Gerrie, word nie soseer met 'n ander karakter nie, maar eerder met omstandighede gekonfronteer. Die koue en die berg self tree dus hier as antagonis op. Die binnevertelling se protagonis is oom Tiekie. Die beampte by die Algeria bosboustasie kan as die antagonis beskou word, hoewel hy slegs die verteenwoordiger van die apartheidstelsel is. Dis dieselfde stelsel wat twee weke later indirek vir sy vriende se dood verantwoordelik is.
The outside story's protagonist, Gerrie, is not so much confronted with another character, but rather with circumstances. The cold and the mountain itself thus act as antagonist. The protagonist of the inner story is Oom Tiekie. The Algerian forestry station official may be considered the antagonist, although he is only the representative of the apartheid system. It's the same system that is responsible for his friends' death two weeks later.

Gerrie kan as 'n ronde karakter beskou word. Aan die begin van die verhaal word hy beskryf as: "Amper 'n man." Hy probeer dapper, maar dit lyk nie of hy die koue kan verduur nie. oom Tiekie se storie en die konfrontasie met doodsgevaar (die luiperd) het 'n vormende invloed op Gerrie. Hy besef dat oom Tiekie baie erger omstandighede (byvoorbeeld oom Tiekie wat buite moes slaap in die winter) en gevare (die Casspirs in die *townships*) moes oorkom. Dit alles laat hom die dapper en verantwoordelike dinge doen om alleen te stap om hulp te gaan soek.
Gerrie can be regarded as a round character. At the beginning of the story, he is described as: "Almost a man." He tried bravely, but it didn't seem like he could endure the cold. Oom Tiekie's story and the confrontation with death danger (the leopard) have a shaping influence on Gerrie. He realized that Uncle Tiekie had to deal with worse conditions (for example, Oom Tiekie who

Downloaded from Stanmorephysics.com

had to sleep outside in winter) and had to face dangers (the Casspirs in the townships). All of this makes him do the brave and responsible thing to walk alone to seek help.

Die klimaks van die buitevertelling is die aanval van die luiperd; die klimaks van die binnevertelling die vier studente se dood. Die afloop van die buitevertelling is oom Tiekie wat na die sendingstasie vervoer word; die afloop van die binnevertelling oom Tiekie wat hom voorneem om die student deur 'n staptog in die Sederberge te eer en dit jare later doen.
The climax of the outer story is the attack of the leopard; the climax of the inner story the death of the four students. The end of the outside story is Uncle Tiekie who is transported to the mission station; the end of the inside story is Uncle Tiekie who intends to honour the students through a hike in the Cederberg and do it years later.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Read & Fill in the Prepositions in the blanks**

## VOORSETSELS

| AAN | Aantekeninge (notes) |
|---|---|
| 1. Ek dink ………… hom. | |
| 2. Ek is dankbaar ………. hom. | |
| 3. Die seun neem deel ………. sokker. | |
| 4. Die meisie is verslaaf ………. dwelms. | |
| 5.Ons skryf 'n brief ………. die pers. | |
| 6.Iemand klop ………. die deur. | |
| 7.Ons glo ………. God. | |
| 8.My broer is verloof …….. my maat se suster. | |
| 9.Die huis was ………… brand. | |
| 10.Baie mense ly ………. die virus. | |
| 11.Ons het ………. tafel gesit en eet. | |
| AGTER | |
| 1.Die dief is ………. tralies. | |
| 2.'n Meisie sit ……… my in die klas. | |
| BO | |
| 1.Die besoeker verkies koffie ………. tee. | |
| BY | |
| 1.Ons kuier ……… my ouma se huis. | |
| 2.Ons het …….. die huis gebly. | |
| IN | |
| 1.Hy stel belang ………. sport. | |
| 2.Hy is geïnteresseerd ………. sport. | |
| 3.Ons woon …………die stad. | |
| MET | |
| 1.Die gesin gaan ………. vakansie. | |
| 2. My broer trou …….. my maat se suster. | |
| 3.Hy wens my geluk ………. my sukses. | |
| 4.Ma was teleurgesteld ………. my gedrag. | |
| 5.Gooi om ………. die klip. | |
| NA | |
| 1.Hy aard ………. sy pa. | |
| 2.Hy verlang ………. sy ouers. | |
| 3.Die vrou soek ……….. haar sleutels. | |
| 4……….. skool gaan hy na sy ouma. | |
| 5.Ons luister ……….goeie musiek. | |
| OM | |
| 1.Die drenkeling het ….. hulp geskree. | |
| 2.Skool begin presies ………. agtuur. | |
| 3.Die winkel is ……. die hoek van die straat. | |
| 4. Sy doen aansoek ………. die vakante | |
| betrekking. | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| ONDER | |
| 1.Die rondloper slaap ………. die brug. | |
| 2.Die man is ………. verdenking vir die moord. | |
| 3.Die motoris het ………. die invloed van alkohol gery. | |
| OOR | |
| 1.Leerlinge kla ………. baie tuiswerk. | |
| 2.Die seun is skaam …….. sy gedrag. | |
| 3.Ouers is bekommerd ………. Hul kinders se vordering in skool. | |
| 4. Ons loop ………. die brug. | |
| 5.Sy het …….. dwelms gepraat. | |
| OP | |
| 1.My ouers is trots ……… my sukses. | |
| 2.My maat was jaloers ………. my sukses. | |
| 3.Hy is verlief ………. my maat se suster. | |
| 4.Die polisie het die inbreker ………. heterdaad betrap. | |
| 5. Ons is ………. pad skool toe. | |
| 6. Die leerlinge is nou ………. skool. | |
| 7.Hulle het die werk ……… hulle gemak gedoen. | |
| 8.Hulle woon ………. ‘n dorp. | |

| | |
|---|---|
| PER | |
| 1.Ons het ……….. motor/bus/trein/skip/ | |
| vliegtuig na ons bestemming gereis. | |
| 2. Sy het die koppie ………. Ongeluk gebreek. | |
| | |
| TE | |
| 1.Ek gaan ………. voet skool toe. | |
| 2.Die boer ry ……….. perd op sy plaas rond. | |
| | |
| TEEN | |
| 1.’n Prent hang ……….die muur. | |
| 2.Ek eet die kos ………. my sin. | |
| 3.Die motoris ry ………. ‘n hoë snelheid. | |
| | |
| TEN | |
| 1…….. spyte **van** die reën het hulle skool toe gegaan. | |
| 2.Ons is ……….gunste **van** tuiswerk. | |
| | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| TOT | |
| 1.Die moordenaar is ……… lewenslank | |
| tronkstraf gevonnis. | |
| 2.In Indië is die verkragters ………. die | |
| dood veroordeel. | |
| 3……….. my verbasing het my ouers 'n partytjie **vir** my gereël. | |
| 4.Hulle sal getroud bly ……….. die dood hulle skei. | |
| | |
| UIT | |
| 1.Leer dit ………. jou kop. | |
| 2.Sy loop **by** die deur ………. | |
| 3.Sy doen dit ………. afguns/jaloesie. | |
| | |
| VAN | |
| 1Ek hou ……… roomys. | |
| 2.Ek is ………. plan om verder te studeer | |
| 3.Sy huil ………. vreugde. | |
| 4.Die inbreker is beskuldig ……….. | |
| Inbraak , en is **tot** tien jaar tronkstraf gevonnis. | |
| | |
| VIR | |
| 1.Die man is lief ………. sy vrou. | |
| 2.My ouers was kwaad …….. my. | |
| 3.Die seun het ……….. die slang geskrik. | |
| 4.Ons was bang ………… die eksamens. | |
| 5.Een ………. een het ons **by** die deur uitgestap. | |
| | |
| VOOR | |
| 1.Sy kuier **by** haar ouma ………. sy skool toe kom. | |
| 2.Die blomtuin is ………. my huis. | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

READ! READ! READ!  Study & complete table

**MEERVOUDE**

KORT KLANKE a(d**a**m) **e**(p**e**n) **i**(g**i**f) **o**(b**o**s) **u**(st**u**k)
LANG KLANKE **aa**(pl**aa**s) **ee**(b**ee**n) **oo**(b**oo**m) **uu**(m**uu**r)
DUBBELKLANKE **oe**(b**oe**k) **eu**(d**eu**r) **ui**(h**ui**s) **ie(**r**ie**t)
KONSONANTE Die ander letters van die alphabet.

| **Woorde met 'n kort klank + 1 konsonant aan die einde.** | | **Woorde met 'n lang klank + 1 konsonant aan die einde.** | |
|---|---|---|---|
| t**a**k | tak**ke** | Vraag | vrae |
| m**a**n | | Sk**aa**p | sk**a**pe |
| h**e**k | | Kr**aa**l | |
| m**e**s | | D**ee**l | |
| kl**i**p | | bakst**ee**n | |
| b**o**k | | R**oo**s | |
| k**o**p | | Sk**oo**l | |
| toneelst**u**k | | V**uu**r | |
| r**u**g | rûe/ | Sk**uu**r | |
| br**u**g | brûe/ | | |
| dag | dae | | |
| stad | stede | | |
| pad | paaie | | |
| skip | skepe | | |
| glas | glase | | |
| **Woorde wat eindig in dubbelklanke.** | | **Dubbelklanke in die middel** | |
| klou | klou**e** | | |
| vlei | | voet | voet**e** |
| | | huis | |
| **-ë** | | reus | |
| tree | tree | duin | |
| drie | | dier | |
| vlieg | | muskiet | |
| ploeg | | | |
| oog | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | | |
|---|---|---|---|
| knie | | | |
| **Woorde wat op f eindig** | | **-te** | |
| br**ie**f | brie**we** | bruilof | bruilof**te** |
| d**ui**f | | vrag | |
| dr**ui**f | | Lig | |
| st**oo**f | sto**we** | vrug | |
| st**o**f | sto**wwe** | gesig | |
| s**i**f | | gewig | |
| str**a**f | | nag | |
| hof | | produk | |
| | | distrik | |
| | | Kis | |
| | | masjinis | |
| | | | |
| **-'s** | | -se | |
| Ma | ma**'s** | sekretaris | sekretaris**se** |
| Pa | | betekenis | |
| taxi | | gebeurtenis | |
| foto | | bibliotekaris | |
| radio | | bekommernis | |
| skadu | | | |
| | | | |
| -**hede** | | **-ens** | |
| besig**heid** | besig**hede** | nooi | |
| moontlik**heid** | | hawe | nooi**ens** |
| moeilik**heid** | | lewe | |
| waar**heid** | | vrou | |
| besonder**heid** | | gevoel | |
| | | Wa | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **-s** | | **-ers** | |
| maat | maat**s** | kind | Kind**ers** |
| arm | | kalf | Kalf |
| vinger | | Lam | Kal**wers** |
| piering | | goed | goeters(things) |
| oom | | goed | goedere(goods) |
| | | | |
| | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**READ! READ! READ! Study given info & complete exercise on page 19**

***TYE***

Dit is noodsaaklik (baie belangrik) dat ons die reëls van die verskillende tye leer en dat ons hulle kan toepas (apply). As ons nie die reëls ken nie, gaan ons woordorde verkeerd wees en ons paragrawe swak.
As ons die reëls van die Teenwoordige Tyd, (Present Tense), die Verlede Tyd (Past Tense) en die Toekomende Tyd (Future Tense) goed verstaan, sal alles vir ons duideliker (clearer) en makliker (easier) word. Kom ons probeer!

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------

1 Kom ons kyk hoe die gewone sin wat in die **Teenwoordige Tyd** is in die **Verlede en Toekomende Tyd** verander

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Jan slaap. | Jan het geslaap. | Jan sal slaap. |
| Susan drink water. | Susan het water gedrink. | Susan sal water drink. |
| Ek eet die appel. | Ek het die appel geëet. | Ek sal die appel eet. |

In die Verlede Tyd gebruik ons het na die **onderwerp** en ons sit 'n ge vooraan die werkwoord. Die werkwoord gaan aan die einde van die sin.
In die Toekomende Tyd, gebruik ons sal na die **onderwerp** en die werkwoord gaan aan die Einde van die sin

----------------------------------------------------------------------------------------------------------------

2 **Sinne met HET**

In die bogenoemde sinne het ons die woord **HET** saam met die **werkwoord** gebruik om die Verlede Tyd te vorm. In die volgende sinne word **HET** gebruik om aan te dui dat iemand iets besit.

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Ek het 'n rooi pen. | Ek het 'n rooi pen gehad. | Ek sal 'n rooi pen hê. |
| Ek het baie werk. | Ek het baie werk gehad. | Ek sal baie werk hê. |

3 **Sinne met IS**

In die Verlede Tyd verander die werkwoord **IS** na **WAS** en in die Toekomende Tyd word die werkwoord **SAL** …………………………………**WEES.**

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Ek is baie moeg. | Ek was baie moeg. | Ek sal baie moeg wees. |
| Ek is bly oor my nuwe fiets. | Ek was bly oor my nuwe fiets. | Ek sal bly oor my nuwe fiets wees. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**4 Sinne met werkwoorde met die prefiks :** be; ge ; her ; er ; ont ; ver
Die werkwoord kry nooit 'n **ge** in die Verlede Tyd

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Ek bedank die kelner. | Ekhet die kelner bedank. | Ek sal die kelner bedank. |
| Sy herken haar ou vriendin. | Sy het haar ou vriendin herken. | Sy sal haar ou vriendin herken. |

---

**5 Sinne met die hulpwerkwoorde met die prefiks :** kan, moet en wil

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Kan | kon | sal …………..kan |
| moet | moes | sal …………..moet |
| Wil | wou | sal …………..wil |

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Hy kan vinnig hardloop. | Hy kon vinnig hardloop. | Hy sal vinnig kan hardloop. |
| Jy moet jou tande borsel. | Jy moes jou tande borsel. | Jy sal jou tande moet borsel. |
| Ek wil die water drink. | Ek wou die water drink. | Ek sal die water wil drink. |

---

**1 Sinne met die werkwoord wat in die Teenwoordige Tyd uit twee dele bestaan.**

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Die man staan op. | Die man het opgestaan. | Die man sal opstaan. |
| Die dief hardloop weg. | Die dief het weggehardloop . | Die dief sal weghardloop. |
| Hy tel die papier op. | Hy het die papier opgetel. | Hy sal die papier optel. |

---

**7 Sinne met Twee Werkwoorde**
**Twee** werkwoorde in **EEN** sin. Twee werkwoorde maar een gedagte. Die tweede werkwoord kry **nie** 'n ge in die Verlede Tyd **nie**.

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Sarie sê dat sy 'n koek bak. | Sarie het gesê dat sy 'n koek bak. | Sarie sal sê dat sy 'n koek bak. |
| Ek bak 'n koek en praat met my vriendin. | Ek het 'n koek gebak en met my vriendin gepraat. | Ek sal 'n koek baken met my vriendin praat. |

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

Skryf die volgende sin eers in die **Verlede Tyd** en daarna in die **Toekomende Tyd**.

1 Ons **swem** in die dam.
2 Hy **loop** na die dorp toe.
3 Sy **moet** die hemde **stryk**.
4 Koos **kan** die motor **was**.
5 Hy **is** baie jaloers.
6 Taryn **wil** die voëltjie **koop**.
7 Die gesin **geniet** die vakansie.
8 Andre **speel** met sy sussie.
9 Ouma **brei** 'n trui.
10 Ek **doen** my tuiswerk.

1 Die baba **is** baie vaak.
2 Ons **moet** in die reën **loop**.
3 Sy **het** 'n hoofpyn.
4 Arno **kan** sy taak **voltooi**.
5 Rina **het** 'n nuwe motor.
6 Ek **beantwoord** die vrae.
7 Die seun **bestuur** sy pa se motor.
8 Sarie **is** in die moeilikheid.
9 Ek **is** baie bly**.**
10 Ons **skryf** eksamens in die saal.

1 Jannie **moet** in die bed **bly**.
2 Die dokter **gee** 'n pil vir die pasiënt.
3 Die kinders **wil** huis toe **gaan**.
4 Ek **is** baie opgewonde.
5 Hy **wil** na die strand toe **gaan**.
6 Die verpleegster **is** kwaad vir die kind.
7 Die meisie **het** pragtige, rooi blomme.
8 Ons **hou** baie van skool.
9 Sy **kan** die vakansie **geniet**.
10 Hulle **moet** vinnig **ry**.

1 Ek **het** 'n seer kop.
2 Hulle **het** baie werk.
3 Hoe laat **is** dit ?
4 Wat **sien** ek ?
5 Ek **spring** oor die klippe.
6 Ons **rus** elke dag.
7 Ek **lui** die klok.
8 Ek **stap** deur die veld.
9 Ek **sien** 'n haas.
10 Ek **vang** 'n volstruis.

1 Ek **hardloop** deur die bos.
2 Koos **klim** in die boom.
3 Die leeu **kyk** na my.
4 Ons **het** 'n huisie in die bos.
5 Sy **het** 'n groot geweer.
6 Jan **koop** 'n sebra.
7 Die kameelperd **drink** water.
8 Ek **is** life vir die bosveld.
9 Jan **is** 'n beroemde jagter.
10 Leeu **het** 'n baie sagte stem.

1 Haas se kop **is** vol planne.
2 Leeu **is** baie dors en vaak.
3 Ek **moet** deur die veld **loop**.
4 Ons **wil** deur die bos **loop**.
5 Die leeui **kan** sy ore plat **trek**.
6 Leeu **is** baie gevaarlik**.**
7 Leeu **het** groot pote en 'n groot kop.
8 Hy **kan** oor die klippe **spring**.
9 Andre **moet** die kameelperd **teken**.
10 'n Mens **moet** die waarskuwingstekens ken.

1 Ons **gebruik** 'n goeie voertuig
2 Deon **vertel** die storie van die haas.
3 Hy **onthou** die naam van elke voël.
4 Die jagter **erken** sy fout.
6 Sy **onthou** die ou maanhaar.
7 Die program **begin** om agtuur.
8 Koos **vertel** die storie van haas en skilpad.
9 Ons **onthou** die reëls in die park.

Downloaded from Stanmorephysics.com

5 Haas **gebruik** die heuning. 10 Sy **herken** die haas met die een oor.

**READ! STUDY! Complete Table**

**TRAPPE van VERGELYKING**

| STELLENDE TRAP | VERGROTENDE TRAP | OORTREFFENDE TRAP |
|---|---|---|
| | | |
| | **gewoonlik +er** | **gewoonlik +ste** |
| | | |
| **Kort Vokaal** | -er….. as | die …..-ste |
| dof | dowwer as | dofste |
| laf | | |
| grof | | |
| glad | Gladder | |
| dik | Dicker | |
| mak | | |
| slim | | |
| dom | | |
| nat | | |
| vet | | |
| maklik | Makli**k**er | |
| moeilik | | |
| vreeslik | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Lang Vokaal** | | |
| doof | D**ow**er | |
| gaaf | | |
| skeef | | |
| laat | L**a**ter | |
| wreed | | |
| bleek | | |
| skoon | | |
| groot | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Woorde wat eindig op r** | | |
| | | |
| ver | Ver**der** | |
| donker | | |
| dapper | | |
| duur | | |
| suur | | |
| maer | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| **Lang Vokaal eindig op g** | | |
|---|---|---|
| laag | Laer | |
| leeg | Leer | |
| moeg | Moër | |
| vroeg | Vroeër | |
| hoog | Hoër | |
| droog | Droër | |
| **Kort Vokaal met g/k** | | |
| lig | lig**ter** | |
| sag | | |
| dig | | |
| sleg | | |
| geskik | | |
| **Lang Vokaal eindig op d** | | |
| breed | bre**ë**r as | |
| oud | ouer as | |
| koud | | |
| wyd | wyer | |
| kwaad | kw**ater** | |
| **S** | | |
| trots | trots**er** | trots**ste** |
| jaloers | | |
| vars | | |
| fris | fri**ss**er | frisste |
| dwaas | dw**a**ser | |

| | | |
|---|---|---|
| goed | beter as | die beste |
| min/bietjie/weinig | minder as | die minste |
| baie/veel | meer as | die meeste |
| lank | langer as | die langste |
| jonk | jonger as | die jongste |
| nuut | nuwer as | die nuutste |
| graag | liewer as | die graagste |
| dikwels | meermal as | meestal |
| naby | nader as | die naaste |

Woorde wat eindig in ‘n –**e** kry gewoonlik **meer** en **mees**

| | | |
|---|---|---|
| opgewone | meer opgewonde | mees opgewonde |

Downloaded from Stanmorephysics.com